

Groeperings in nominale relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament

Herman du Toit

Herman du Toit, Departement Nuwe Testament,
Navorsingsgenoot: Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

In nominale relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament met 'n overte (d.w.s. foneties-gerealiseerde) antesedent bestaan daar 'n verband tussen die antesedente en die tipe relatiewe bysin (beperkend of bystellend) wat daarmee saam groepeer. Groeperings kom ook voor waar 'n relatiewe bysin, ná 'n overte antesedent, deur 'n asindetiese relatiewe bysin gevolg word. In die Griekse vakliteratuur bestaan daar egter weinig inligting oor dié groeperings.

Dit het egter uit die navorsing geblyk dat Lehmann (1984), wat steeds die standaardwerk oor relatiewe konstruksies in 'n groot verskeidenheid tale is en wyd in onlangse publikasies aangehaal word, 'n aantal belangrike insigte na vore bring wat moontlik op bogenoemde groeperings lig kan werp. Dit het ook geblyk dat die beskrywing van soortgelyke verskynsels in sommige moderne tale 'n bydrae in dié verband kan lewer.

Die doel van die navorsing wat hierdie artikel onderlê, was om hierdie insigte sistematies op nominale relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament toe te pas en die bruikbaarheid daarvan vir die verstaan en beskrywing van bogenoemde groeperings vas te stel. Die fokus van die navorsing was op nominale relatiewe konstruksies met 'n overte antesedent, en het nie nominale relatiewe konstruksies sonder antesedent (die sogenaamde vrye relatiewe) ingesluit nie.

Die resultate van die navorsing het getoon dat die groepering van antesedente en relatiewe bysinne in Nuwe-Testamentiese Grieks, soos in talle moderne tale, verband hou met die tipe bepaling van die hoofnominale van die antesedent, dit is, of dit definitief, generies of spesifiek bepaal is. 'n Hoofnominale wat definitief of generies bepaal word, byvoorbeeld deur die gebruik (of afwesigheid) van die lidwoord, groepeer tipies saam met 'n bystellende relatiewe bysin, terwyl 'n nie-definitiewe en nie-generiese (maar opsioneel spesifieke) hoofnominale met 'n beperkende relatiewe bysin groepeer. Hierdie beginsel geld in relatiewe konstruksies met ingebedde sowel as aangehegte relatiewe bysinne. Kwantifiseerders, wat gewoonlik saam met lidwoorde (en soms ook demonstratiewe voornaamwoorde, adjektiewe, ens.) in die antesedent voorkom, het ook 'n invloed op die tipe relatiewe bysin wat tipies by 'n hoofnominale groepeer, asook eiename en persoonlike voornaamwoorde, in gevalle waar hulle die hoofnominale van die antesedent is.

Daar is ook in die Griekse Nuwe Testament moontlike voorbeelde van groeperings (tegnies: opstapelings) van sowel beperkende as bystellende relatiewe bysinne ná dieselfde antesedent. Die anaforiese verbande tussen sodanige opgestapelde relatiewe bysinne en hul antesedent(e) stem ooreen met dié in verskeie moderne tale, asook die volgorde van beperkende en bystellende relatiewe bysinne, in gevalle waar hulle saam opstapel.

Trefwoorde: Grieks, groepering, Nuwe Testament, opstapelning, relatiewe konstruksie, relatiewe bysin

Abstract

Groupings in nominal relative constructions in the Greek New Testament

Most relative constructions in the Greek New Testament consist of an overt nominal antecedent and a postnominal relative clause. Syntactically, relative constructions of this type are determiner-phrases, with the antecedent consisting typically of a head-noun, together with a combination of other elements, for example, articles, quantifiers, adjectives and prepositional phrases. The antecedent is followed directly by a restrictive or appositive relative clause which is embedded in the determiner-phrase.

Within such nominal relative constructions, there appears to be a relationship between the head nominal of the antecedent and the type of relative clause (restrictive or appositive) that typically groups together with it. There are possibly also examples of a related phenomenon in nominal relative constructions where more than one relative clause group together (technically, stack) after the same antecedent.

A scrutiny of the literature on the Greek New Testament indicated that there existed no in-depth discussion of these phenomena, except for some remarks in Du Toit (1984:188–99; 2014:23–5) and occasional references in New Testament grammars to passages where a high percentage of relative clauses occur, for example, 1 Cor. 15:1–2 and Rom. 9:4ff. (Robertson 1919:954).

However, research indicated that Lehmann (1984), which is still the standard publication on relative constructions in a variety of languages and widely quoted in recent publications, contains a number of important insights that could shed light on the above phenomena. In addition, some publications on modern languages offer useful information in this respect.

The objective of the research that underlay this paper was to apply these insights and information systematically to nominal relative constructions in the Greek New Testament and ascertain their usefulness in understanding and describing the above phenomena. The research focused only on nominal relative constructions with overt antecedents. Nominal relative constructions without antecedents (often referred to as free relatives) did not form part of the research.

The following are the main points made by Lehmann (1984:259–67) with regard to groupings in nominal relative constructions:

1. The grouping of the head nominals of antecedents together with restrictive or appositive relative clauses has to do with the type of determination of the head nominal of the antecedent.

2. Three fundamental types of determination by means of the presence (or absence) of the article can be distinguished, namely definite, specific and generic determination. Quantifiers and demonstratives are more concrete types of determiners. The three fundamental types are defined as follows:

- *Definite* determination indicates that a certain group of referents which fall under the determined concept exists in the speech situation (in Lehmann's terminology, *Redeuniversum*) and that they are all involved.
- *Specific* determination builds a real subgroup of the group referred to by the initial concept (in Lehmann's terminology, *Ausgangsbegriff*) without fixing its extension. It indicates also that a complementary group of elements which are referred to by the same concept has to be accounted for, but is not referred to.
- *Generic* determination indicates the opposite of specific determination, namely that no subgroup is delimited and, therefore, no elements are excluded. Generic determination assists in referring to a group denoted by a concept with exclusion of the present speech situation.

3. If the head nominal of an antecedent is definite or generic, it groups together with an appositive relative clause. If it is not definite or generic, but optionally specific, it groups together with a restrictive relative clause.

4. The scope of determiners differs between relative constructions with restrictive and appositive relative clauses. In the former case, the scope of the determiner includes the head nominal and the relative clause. In the latter case, it includes the head nominal, but not the relative clause as well.

5. Quantifiers usually occur together with articles and also have an influence on the type of relative clause which groups together with the head nominal. For example, head nominals with universal quantifiers group almost exclusively with restrictive relative clauses, whereas head nominals with some other quantifiers group together with restrictive or appositive relative clauses.

6. Proper nouns and personal pronouns, which are inherently definite, group almost exclusively with appositive relative clauses.

7. Both restrictive and appositive relative clauses can stack. When a restrictive and an appositive relative clause group together, they can also stack, but only in that order.

The application of Lehmann's views to groupings in nominal relative constructions in the Greek New Testament indicated that they were applicable and valuable for an understanding of these phenomena. It also showed that New Testament Greek corresponded to a large extent with a number of modern (and other ancient) languages in this regard.

The following are some of the specific findings of the research:

1. Groupings involving restrictive relative clauses

Restrictive relative clauses in the New Testament group together with head nominals which are not definite or generic, but could be specific. In this case the scope of the article (or its absence) includes the head nominal and the restrictive relative clause, for example in Matt. 8:4c and John 1:30a. The same principle applies in relative constructions with adjoined relative clauses, for example in John 9:24a.

In cases where a universal quantifier such as *πᾶς* (every, each, all, whole [in the latter meaning with the article], any), *οὐδεὶς* (no, none) and *ἕκαστος* (each) precedes the head nominal, the relative clause is almost always restrictive – cf. Jude 15b (*πᾶσαν*), John 16:15a (*πάντα*) and Mark 9:39b (*οὐδεὶς*). In a few instances, however, an appositive relative clause occurs after a head nominal with a universal quantifier, for example in Rom. 1:5b–6a (*πᾶσιν*) and 2 Tim. 1:15b (*πάντες*).

Quantifiers like *πολλοί* (many), *τινές* (some), *ὀλίγοι* (a few), *ἱκανοί* (many, quite a few) occur freely with restrictive, as well as with appositive relative clauses – cf. *τινές* (some) in John 6:64a (followed by a restrictive relative clause) and Acts 24:19 (followed by an appositive relative clause).

A possible example of stacked restrictive relative clauses occurs in Luke 18:29b–30. In this case an asyndetic relative clause in verse 30 follows directly on a relative clause in verse 29b, after the same head nominal *οὐδεὶς* (nobody).

2. Groupings involving appositive relative clauses

Appositive relative clauses group together with head nominals that are definite or generic. In these cases the scope of the determiner, which could be an article (or its absence) or a quantifier, includes the head nominal, but not the relative clause as well, for example in 1 Tim. 1:4. In some instances the relative clause could be interpreted as appositive or restrictive, for example in Matt. 7:15.

Proper names which function as head nouns group almost exclusively with appositive relative clauses, for example, in 3 John 1 (*Γαίῳ*, to Gaius) and Acts 21:29 (*Τρόφιμον*, Trophimus). In a few cases a proper noun groups together with a restrictive relative clause, for example *Ἰησοῦν* (Jesus) in Acts 19:13b and 1 Cor. 11:4a.

Only a few examples occur in the New Testament where a personal pronoun functions as head nominal of a relative construction. In Acts 10:40b–41c the relative clause after *ἡμῖν* (to us) is probably restrictive, and is also interpreted as such by all the Bible translations consulted. In some instances both an appositive and a restrictive interpretation is possible, for example in 1 Cor. 10:11b after *ἡμῶν* (to us).

It seems as if appositive relative clauses can also stack, for example in Rom. 16:3–5a, where an asyndetic relative clause follows directly on another relative clause in verse 4, with the same coordinate head nouns (*Πρίσκαν*, Priscilla, and *Ἀκύλαν*, Aquila).

A possible example of stacking of a restrictive relative clause and an asyndetic appositive relative clause which follows directly on it occurs in Luke 18:29b–30, although both relative clauses could also be interpreted as restrictive in the context. An example of stacking of a participial restrictive relative clause and an appositive one (with a finite verb), in that order, occurs in Matt. 27:55–6. No examples were found where an appositive relative clause stacks with an asyndetic restrictive relative clause following it.

Keywords: Greek, grouping, New Testament, relative construction, relative clause, stacking

1. Inleiding

Die relatiewe konstruksie kom in 'n verskeidenheid sintaktiese vorme in tale voor, waaronder die tipes met prenominaal (dit wil sê, voor die antesedent) en postnominale (dit wil sê, direk ná die antesedent) relatiewe bysinne die algemeenste is.¹ Vergelyk die Turkse en Engelse voorbeelde in (1a en b) respektiewelik.²

- (1) a. *[[Hasanin Sinana verdiği] patatesi] yedim.*³
(Ek het die aartappel geëet wat Hasan vir Sinan gegee het.)
- b. *[Which portrait [that Harry likes]] did he buy?*⁴

In (1a) is die relatiewe bysin prenominaal, voor die selfstandige naamwoord *patatesi* (aartappel), en in (1b) postnominale, ná die selfstandige naamwoord *portrait*.

Die funksionele tipes relatiewe bysinne in tale is aansienlik minder, waaronder die sogenaamde beperkende en bystellende relatiewe bysinne die algemeenste is. Vergelyk Radford (2009:226) se voorbeelde van dié tipes in Engels:

- (2) a. *I saw the [man [who/that they arrested]] on TV.*
- b. *[John, [(who used to live in Cambridge)]]], is a very good friend of mine.*
- c. *Yesterday I met [my bank manager, [who was in a filthy mood]].*
- d. *[Mary has left home – [which is very upsetting for her parents]].*

Volgens Radford is die funksie van die relatiewe bysin in (2a) om die klas mans waarna verwys word te beperk⁵ tot die een wat hulle arresteer het. Bystellende⁶ relatiewe bysinne is gewoonlik parentetiese opmerkings of nagedagtes wat in die Engelse spreektaal 'n aparte intonasiegroep vorm, en in die skryftaal deur kommas, hakies of 'n enlyn aangedui word, soos in (2b–d), respektiewelik (ibid.). In (2d) verwys die relatiewe voornaamwoord na die hele voorafgaande sin *Mary has left home*, en nie na 'n nominale element soos in (2a–c) nie.

Relatiewe konstruksies is ook 'n algemene verskynsel in Hellenistiese (en Klassieke) Grieks en kom in 'n verskeidenheid sintaktiese vorme voor, byvoorbeeld met 'n overte (dit wil sê, foneties-gerealiseerde) antesedent, in kombinasie met verskillende tipes relatiewe bysinne, waaronder postnominale, prenominaal, sirkumnominale (dit wil sê, met die hoofnominale binne-in die relatiewe bysin), voor- en agteraangehegte (dit wil sê, voor en ná die hoofsin respektiewelik) relatiewe bysinne, en ook in relatiewe bysinne sonder 'n overte antesedent.⁷

Die meeste relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament, soos ook in Hellenistiese Grieks in die breë en in Klassieke Grieks, bestaan uit 'n overte nominale antesedent⁸ en 'n postnominale relatiewe bysin, wat beperkend of bystellend kan wees. In hierdie tipe relatiewe konstruksies lyk dit of daar 'n verband is tussen sekere eienskappe van die hoofnominale van die antesedent en die tipe relatiewe bysin (beperkend of bystellend) wat gewoonlik daarmee saam groepeer. Daar is in die Griekse Nuwe Testament ook moontlike voorbeelde van 'n verwante verskynsel, waar meer as een relatiewe bysin in nominale relatiewe konstruksies saam groepeer ná dieselfde antesedent. In sulke gevalle volg 'n asindetiese (dit wil sê, sonder 'n voegwoord) relatiewe bysin direk op die eerste relatiewe bysin ná die antesedent.

'n Verkenning van die literatuur oor die Griekse Nuwe Testament het getoon dat daar geen grondige bespreking van bogenoemde verskynsels bestaan nie, behalwe opmerkings in Du Toit (1984:188–99; 2014:23–5) en enkele verwysings in Nuwe-Testamentiese grammatikas na gedeeltes waar 'n hoë persentasie relatiewe bysinne voorkom, soos byvoorbeeld 1 Kor. 15:1–2 en Rom. 9:4 e.v. (Robertson 1919:954).

Die navorsing het egter getoon dat die werk van Lehmann (1984), wat steeds die standaardwerk oor relatiewe konstruksies in 'n groot verskeidenheid tale is en wyd in onlangse publikasies aangehaal word,⁹ 'n aantal belangrike insigte bied wat moontlik op bogenoemde groeperings lig kan werp. Dit het ook geblyk dat die beskrywing van soortgelyke verskynsels in moderne tale 'n bydrae in dié verband kan lewer.

Die doel van die navorsing wat hierdie artikel onderlê, was om hierdie insigte sistematies op bogenoemde groeperings in nominale relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament toe te pas en die bruikbaarheid daarvan vir die verstaan en beskrywing van dié groeperings vas te stel. Die fokus van die navorsing was op nominale relatiewe konstruksies met 'n overte antesedent, en het nie nominale relatiewe konstruksies sonder antesedent (die sogenaamde vrye relatiewe), soos byvoorbeeld in Rom. 8:30 en 2 Kor. 11:17, ingesluit nie.¹⁰

'n Problematiese aspek van taalondersoek in die antieke tale in die breë, en in relatiewe konstruksies in die besonder, is dat die primêre data slegs in geskrewe vorm voorkom. In die geval van relatiewe konstruksies lei dit byvoorbeeld tot probleme met die identifisering van die tipes relatiewe bysinne wat daarin voorkom. In moderne tale kan daar gewoonlik in die spreektaal tussen beperkende en bystellende relatiewe bysinne onderskei word as gevolg van verskille in intonasiepatrone en aksentuering,¹¹ en in die skryftaal deur die gebruik van leestekens (kommata, hakies, enlyne, ens.).¹² In die Griekse Nuwe Testament is interpunksie egter geen betroubare aanduiding van hierdie verskille nie. In die vroeë Griekse manuskripte was puntuasie trouens wisselvallig, en dit was eers ná die ontwikkeling van die kodeks dat dit 'n betreklik gevestigde fase bereik het (Porter 2013:85). Die navorser en eksegeet was dus sover, in mindere of meerdere mate, op die konteks aangewese om die funksie van 'n relatiewe bysin in 'n teks te bepaal, 'n werkswyse wat dikwels ook nie duidelike resultate opgelewer het nie.

2. Insigte vanuit die algemene taalwetenskap

Lehmann (1984:259–80) identifiseer verskeie algemeen-taalkundige beginsels waarop groeperings in relatiewe konstruksies berus. In afdelings 2.1–2.2 hier onder volg 'n kort uiteensetting van Lehmann se beginsels vir groeperings in nominale relatiewe konstruksies.

2.1 Groepering van antesedente en relatiewe bysinne (beperkend of bystellend) in nominale relatiewe konstruksies

Volgens Lehmann (1984:259) bestaan daar in relatiewe konstruksies 'n verband tussen die tipe bepaling (in sy terminologie, *Determination*) van die hoofnominale van die antesedent (in sy terminologie, die *Nukleus*, kern) en die tipe relatiewe bysin (beperkend of bystellend) wat daarmee saam groepeer.¹³


Bepaling het volgens Lehmann (*ibid.*) te doen met die vaslegging van 'n nominaal se verwysing. Daar is drie fundamentele tipes bepaling, nl. definitiewe, spesifieke en generiese bepaling.¹⁴ Meer konkrete bepaling, soos byvoorbeeld deur demonstratiewe, kwantifiseerders, ens., tree net in samewerking met die fundamentele tipes op. Die fundamentele bepaling word soos volg deur Lehmann (1984:259–60) gedefinieer:

- Definitiewe bepaling dui aan dat daar in die spreeksituasie (in Lehmann se terminologie, *Redeuniversum*) 'n sekere groep referente bestaan wat onder die bepaalde begrip val, en dat almal betrokke is.
- Spesifieke bepaling bou 'n egte subgroep van die groep wat deur die uitgangsbegrip aangedui word, maar lê nie die omvang daarvan vas nie. Dit dui ook aan dat daar 'n komplementêre klas elemente is wat onder dieselfde begrip val, waarna nie verwys word nie.
- Generiese bepaling dui die teenoorgestelde van spesifieke bepaling aan, naamlik dat geen subgroep afgegrens word nie en daarmee geen elemente uitgesluit word nie. Generiese bepaling help met die verwysing na 'n groep met uitsluiting van die teenwoordige spreeksituasie.


Volgens Lehmann (1984:261) is dit 'n voorvereiste vir 'n relatiewe bysin om beperkend te werk dat nog geen aksie aangewend is wat die verwysing van die hoofnominale vaslê nie. Omdat definitiewe en generiese bepaling die verwysing van 'n nominaal vaslê, kan die hoofnominale van die antesedent van 'n beperkende relatiewe bysin nie definitief of generies wees nie. Die hoofnominale mag wel spesifiek wees, want spesifieke bepaling bou 'n subgroep van die groep wat deur die aanvangskonsep aangedui word, maar grens dit nie af nie. 'n Relatiewe bysin kan wel by 'n nominaal groepeer as dit definitief of generies is, maar in sulke gevalle is die relatiewe bysin altyd bystellend (in Lehmann se terminologie, *appositiv*).

Die skopus (reikwydte) van 'n bepaler, soos byvoorbeeld 'n lidwoord of kwantifiseerder, is verskillend in relatiewe konstruksies met beperkende en bystellende relatiewe bysinne. Dit word deur Lehmann (1984:262) beskryf aan die hand van die algemene strukture in (3a en b). Ten opsigte van dié strukture word veronderstel dat die skopus van 'n bepaler (hier aangedui deur *Det*) sy onmiddellike medekonstituënt¹⁵ presies omvat.¹⁶

(3) a. *Restriktive Relativkonstruktion*
(Beperkende relatiewe konstruksie)



(3) b. *Appositive Relativkonstruktion*
(Bystellende relatiewe konstruksie)



Die skopus-effek van hierdie strukture kan deur die volgende sin geïllustreer word (Lehmann 1984:262–3):

(4) *[Schlangen, [die einen stumpfen Schwanz haben]], sind giftig.*
(Slange wat 'n stomp stert het, is giftig; OF: Slange, wat 'n stomp stert het, is giftig)

In die beperkende interpretasie van die relatiewe bysin in (4) word die hele sin vertaal as *Slange wat 'n stomp stert het, is giftig*. In hierdie geval is die hoofnominale *Schlängen* en die relatiewe bysin *die einen stumpfen Schwanz haben* beide in die skopus van die generiese bepaler, wat hier kovert (dit wil sê, nie foneties gerealiseer nie) is. Die intonasiepatroon, wat 'n goeie aanduiding van skopus is, is hier kontinuerend, dit wil sê daar is nie 'n intonasiebreuk (in Lehmann se terminologie, *Intonationsbruch*) tussen die hoofnominale *Schlängen* en die relatiewe bysin nie (Lehmann 1984:263). In die beperkende interpretasie maak die sin in (4) 'n uitspraak oor slange wat 'n stomp stert het, en die hele nominaal *Schlängen, die einen stumpfen Schwanz haben* is generies (Lehmann 1984:262). Die struktuur in (3a) is dus hier van toepassing.

In die bystellende interpretasie van die relatiewe bysin in (4) word die geheelsin vertaal as *Slange, wat 'n stomp stert het, is giftig*. Die stelling in (4) gaan in dié geval oor alle slange, en nie net oor dié met 'n stomp stert (soos in die beperkende interpretasie nie). Hier is slegs die hoofnominale van die antesedent, *Schlangen*, in die skopus van die generiese bepaler en dus generies, en nie ook die relatiewe bysin nie (ibid.). Die skopus word in hierdie geval aangedui deur 'n intonasiebreuk tussen die hoofnominale *Schlangen* en die relatiewe bysin. Tussen die laaste woord *haben* (het) en die res van die hoofsin is daar ook 'n duideliker pouse as in die beperkende interpretasie (Lehmann (1984:263)). Die struktuur in (3b) is hier van toepassing.

Hierbenewens gee Lehmann (1984:263–7) ook die volgende riglyne vir die groepering van antesedente en relatiewe bysinne:

2.1.1 Eiename en persoonlike voornaamwoorde

Eiename en persoonlike voornaamwoorde, wat inherent definitief is, groepeer feitlik deurgaans met 'n bystellende relatiewe bysin wanneer hulle die hoofnominale van die antesedent is. Vgl. die volgende voorbeelde:

(5) a. [Emil, [der das Buch zur Bibliothek brachte]], muß es irgendwo auf dem Wege verloren haben. (Lehmann 1984:264)

(Emil, wat die boek biblioteek toe gebring het, moes dit êrens op pad verloor het.)

b. [Ich, [der ich mein Leben lang gearbeitet habe], [der ich noch jeden Pfennig zweimal umgedreht habe]], ausgerechnet ich werde für einen Lebemann gehalten. (Lehmann 1984:198)

(Ek, wat my hele lewe lank gewerk het, wat nog elke sent twee maal omgedraai het, ek van alle mense word as 'n swierbol beskou.)

In (5a) groepeer die bystellende relatiewe bysin ná die eienaam Emil as hoof selfstandige naamwoord.¹⁷ In (5b) kom twee bystellende relatiewe bysinne ná die persoonlike voornaamwoord *ich* as hoofnominale voor.

Wanneer die bepaalde lidwoord egter by 'n eienaam as hoof selfstandige naamwoord van die antesedent voorkom, groepeer die eienaam saam met 'n beperkende relatiewe bysin, soos in die volgende voorbeeld (Lehmann 1984:264):

(6) [der Goethe, [der den Werther schrieb]]

(dié Goethe wat die Werther geskryf het)

In (6) verwys die eienaam Goethe na 'n persoon wat in sy verskillende skeppingsfases nie dieselfde gebly het nie.

In sommige gevalle kan 'n persoonlike voornaamwoord as hoofnominale saam met 'n beperkende relatiewe bysin groepeer, soos in (7) (ibid.):¹⁸

(7) [he [who pays the piper]] calls the tune.

2.1.2 Universele kwantifiseerders

Hoofnominale van die antesedent waarby universele kwantifiseerders soos *kein(e)*, *jede(r, -s)*, ens. voorkom, groepeer feitlik uitsluitlik met 'n beperkende relatiewe bysin, soos in die volgende voorbeeld (Lehmann 1984:265):

- (8) [Kein Ölscheich, [der genug Geld hat]], wird sich diese Gelegenheit entgehen lassen.
(Geen oliesjeik wat genoeg geld het, sal hierdie geleentheid by hom laat verbygaan nie.)

In (8) kom die universele kwantifiseerder *kein* by die hoof selfstandige naamwoord *Ölscheich* voor en die relatiewe bysin *der genug Geld hat* (wat genoeg geld het) het 'n beperkende funksie. Die interpretasie van sulke relatiewe bysinne as beperkend hang volgens Lehmann (ibid.) daarmee saam dat universele kwantifiseerders die bou van 'n basisgroep (in sy terminologie, *Grundmenge*) veronderstel, waaroor gekwantifiseer word.

2.1.3 Bepalings wat nie-definitief en spesifiek is

By sekere vorme van bepaling is daar volgens Lehmann (1984:265) inhoudelik geen betekenisverskil tussen 'n beperkende en 'n bystellende interpretasie nie. Vgl. sy voorbeeld (ibid):

- (9) [Ein Vietnamese, [der geflohen war]], wurde engagiert.
('n Viënamees wat gevlug het, is in diens geneem)

In (9) is die bepaling van die hoof selfstandige naamwoord (hier 'n einaam) *Vietnamese* nie-definitief en spesifiek. In so 'n geval kan die bepaling op die hoër nominaal betrek word en die sin beperkend geïntoneer word (met die vertaling soos hier bo), of dit kan op die hoofnominaal van die antesedent betrek word en die sin bystellend geïntoneer word. In dié geval sou die vertaling wees: 'n *Viënamees, wat gevlug het, is in diens geneem*. Inhoudelik kom die twee interpretasies op dieselfde neer. In 'n gegewe konteks kan die gebruik van die twee alternatiewe egter deur funksionele sinsperspektiewe bepaal word.¹⁹

2.1.4 Kwantifiseerders soos *einige* ('n paar, sommige) en *viele* (baie)

Die hoofnominaal van 'n antesedent met kwantifiseerders soos *einige* en *viele* kan met beperkende of bystellende relatiewe bysinne groepeer. Vgl. die volgende voorbeeld (Lehmann 1984:266):

- (10) [Einige Bücher, [die ich bestellt habe]], sind angekommen.
('n Paar boeke wat ek bestel het, het aangekom [BEPERKEND]; OF: 'n Paar boeke, wat ek bestel het, het aangekom [BYSTELLEND].)

In die beperkende interpretasie van die relatiewe bysin in (10), wat deur kontrastiewe klem op die kwantifiseerder *einige* eksplisiet gemaak kan word, het die kwantifisering 'n partitiewe parafrase: *einige von den Büchern, die ich bestellt habe* ('n paar van die boeke wat ek bestel het), maar nie in die bystellende interpretasie nie.

2.2 Groeperings van meer as een relatiewe bysin ná 'n antesedent

Volgens Lehmann (1984:197) bestaan die moontlikheid van opstapeling (in sy terminologie, *Stapelung*, Eng. *stacking*)²⁰ van relatiewe bysinne ná 'n antesedent in baie tale en tipes relatiewe bysinne, bv. prenominaal relatiewe bysinne (Japannees), vooraangehegte

relatiewe bysinne (Hetities en Oudlatyn) en agteraangehegte relatiewe bysinne (Homeriese Grieks). Sowel beperkende as bystellende relatiewe bysinne kan opstapel. Vgl. die voorbeelde in (11a) (Lehmann 1984:264) en (11b) (Lehmann 1984:198):

(11) a. [That [which frightened Paul] [which surprised Mary]] pleased John.

b. [Ich, [der ich mein Leben lang gearbeitet habe], [der ich noch jeden Pfennig zweimal umgedreht habe]], ausgerechnet ich werde für einen Lebemann gehalten. (Ek, wat my lewe lank gewerk het, wat nog elke sent tweemaal omgedraai het, ek van alle mense word as 'n swierbol beskou.)

In (11a) word die antesedent *that* gevolg deur die beperkende relatiewe bysin *which frightened Paul*. Die hele reeksthat *which frightened Paul* is op sy beurt die antesedent van die asindetiese beperkende relatiewe bysin *which surprised Mary*. In (11b) word die persoonlike voornaamwoord *ich*, wat die hoofnominale van die antesedent is, gevolg deur die bystellende relatiewe bysin *der ich mein Leben lang gearbeitet habe* (wat my lewe lank gewerk het). Die hele reeks *ich, der ich mein Leben lang gearbeitet habe* (ek, wat nog my lewe lank gewerk het) is weer die antesedent van die asindetiese bystellende relatiewe bysin *der ich noch jeden Pfennig zweimal umgedreht habe* (wat nog elke sent tweemaal omgedraai het).

'n Beperkende en 'n bystellende relatiewe bysin kan ook opstapel, maar net in daardie volgorde (Lehmann 1984:263). Vergelyk die voorbeelde in (12a en b) (Lehmann 1984:264):

(12) a. [That [which frightened Paul], [which surprised Mary]], pleased John.

b. *[That, [which frightened Paul] [which surprised Mary]] pleased John.

Die sin in (12a), waar die asindetiese bystellende relatiewe bysin *which surprised Mary* op die beperkende relatiewe bysin *which frightened Paul* volg, is grammatikaal. Die rede hiervoor is dat die eerste relatiewe bysin, *which frightened Paul*, nie die verwysing van die hoofnominale *that* afgrens nie, maar ooplaat (ibid.). Die omgekeerde volgorde soos in (12b), waar die asindetiese beperkende relatiewe bysin *which surprised Mary* op die bystellende relatiewe bysin *which frightened Paul* volg, is egter ongrammatikaal. Die rede vir dié ongrammatikaliteit is dat 'n naamwoordstuk (soos *that, which surprised Paul*) reeds definitief is, en dus nie deur 'n beperkende relatiewe bysin verder afgrens kan word nie (ibid.).

3. Groeperings in nominale relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament

Soos in afdeling 1 hier bo aangedui, bestaan die grootste aantal relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament uit 'n overte nominale antesedent en 'n postnominale relatiewe bysin.²¹ Die meeste van hierdie tipe relatiewe konstruksies is bepalerstukke,²² waarin die antesedent bestaan uit 'n hoof selfstandige naamwoord, saam met 'n kombinasie van ander elemente, soos bv. lidwoorde, kwantifiseerders, demonstratiewe voornaamwoorde en adjektiewe. Die klem in die bespreking wat volg, val op groeperings in hierdie tipe relatiewe konstruksies. Daar word ook verwys na groeperings in relatiewe konstruksies waar die relatiewe bysin agter aangeheg is. 'n Relatiewe konstruksie met 'n agter-aangehegte relatiewe bysin is nie 'n bepalerstuk nie. In hierdie geval verskyn die relatiewe bysin direk regs van die hoofsin wat die antesedent bevat, en nie direk ná die antesedent (soos by

postnominale relatiewe bysinne nie). Sowel beperkende as bystellende relatiewe bysinne kom ook in dié tipe relatiewe konstruksies voor.


Soo+ uit die bespreking in 3.1–3.2 sal blyk, lyk dit of die saamgroepering van antesedente en relatiewe bysinne in nominale relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament, asook die opstapeling van relatiewe bysinne in sulke relatiewe konstruksies, deur Lehmann (1984) se beginsels vir groepering (afdelings 2.1–2.2) verklaar kan word.

3.1 Die groepering van antesedente en beperkende relatiewe bysinne

Soos in afdeling 2.1 hier bo aangetoon, groepeer beperkende relatiewe bysinne (volgens Lehmann 1984:261) by die hoofnominale van die antesedent as dit nie definitief of generies bepaal is nie. Dit kan egter spesifiek wees. In relatiewe konstruksies met beperkende relatiewe bysinne sluit die skopus van die bepaler die hoof selfstandige naamwoord én die beperkende relatiewe bysin in. Die struktuur in (3a) is dus in hierdie geval van toepassing. Hierdie beginsel werk ook goed in die Griekse Nuwe Testament. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- (13) Jak. 1:12a.: Μακάριος [ἀνὴρ²³[ὃς ὑπομένει πειρασμόν]]
(Gelukkig is die/n mens wat versoeking weerstaan.)²⁴

In (13) is die verwysing van die hoof selfstandige naamwoord ἀνὴρ (mens), wat nie 'n overte bepaler het nie, nie na 'n spesifieke mens nie, maar na 'n "tipe" mens. Die skopus van die koverte generiese bepaler²⁵ sluit hier die hoof selfstandige naamwoord van die antesedent en die relatiewe bysin in, wat as beperkend geïnterpreteer word. Die sintaktiese struktuur van die relatiewe konstruksie in (13) word in (14) in vereenvoudigde vorm weergegee. (Die afkorting BEP-S word in die diagram gebruik vir *bepalerstuk*, BEP vir *bepaler*, NS vir *naamwoordstuk*, N vir *selfstandige naamwoord*, GEN vir *generies*, en KOMP-S vir *komplementeerderstuk* [Engels *complementizer phrase*, CP]. Die simbool e dui aan dat die posisie nie leksikaal gevul is nie (dit wil sê, daar is nie 'n overte bepaler nie.)




Vergelyk egter die volgende voorbeeld:

- (15) Matt. 8:4c: προσένεγκον [τὸ δῶρον[ὃ προσέταξεν Μωϋσῆς]], εἰς μαρτύριον αὐτοῖς
(Offer die geskenk wat Moses voorgeskryf het, as bewys vir hulle.)

In hierdie geval word die lidwoord τὸ (die) individualiserend²⁶ gebruik (dit wil sê, dit is nie generies nie), en verwys na 'n subgroep van die groep waarna deur die aanvangsbegrip δῶρον (geskenk) verwys word. Die bepaling van die hoof selfstandige naamwoord is dus spesifiek. Daar bestaan ook in die spreeksituasie 'n groep referente (= een) waarna

δώρον (geskenk) verwys, en *αλμα* (= een) is betrokke. Die bepaling is dus ook definitief. Die skopus van die lidwoord sluit in hierdie geval, waar daar 'n beperkende relatiewe bysin voorkom, die hoof selfstandige naamwoord sowel as die beperkende relatiewe bysin in, dit wil sê die reeks *δώρον ὃ προσέταξεν Μωϋσῆς* (geskenk wat Moses voorgeskryf het). Die struktuur van die relatiewe konstruksie in (15) kan in vereenvoudigde vorm soos in (16) voorgestel word. (Die afkorting SPES word gebruik vir *spesifiek* en DEF vir *definitief*.)



Vergelyk ook die volgende voorbeeld:

- (17) Joh. 1:30a: *ὀπίσω μου ἔρχεται ἀνὴρ [ὃς ἔμπροσθέν μου γέγονεν]*, ὅτι πρῶτός μου ἦν.
(Ná my kom 'n man wat voor my bestaan het, omdat Hy belangriker was as ek.)

In dié voorbeeld verwys die hoof selfstandige naamwoord *ἀνὴρ* (man) van die antesedent na 'n persoon wat 'n subgroep is van die groep waarna deur die *ἀνὴρ* (man) verwys word. Die bepaling van die hoof selfstandige naamwoord *ἀνὴρ* (man) is dus spesifiek. Dit is ook nie-definitief, omdat 'n groep van die referente waarna *ἀνὴρ* (man) verwys, nie in die spreeksituasie bestaan nie. Die skopus van die bepaler sluit hier ook die hoof selfstandige naamwoord en die beperkende relatiewe bysin in, d.w.s die reeks *ἀνὴρ ὃς ἔμπροσθέν μου γέγονεν* (man wat voor my bestaan het).

In voorbeelde (13), (15) en (17) is die beperkende relatiewe bysinne *αλμα* postnominaal. Vergelyk egter die voorbeeld in (18):

- (18) Joh. 9:24a. Ἐφώνησαν οὖν [τὸν ἀνθρώπου ἐκ δευτέρου²⁷ [ὃς ἦν τυφλός]]
(Hulle het toe vir 'n tweede keer die man geroep wat blind was.)

In (18) is die posisie van die relatiewe bysin direk ná die hoofsin wat met *ἐκ δευτέρου* (vir 'n tweede keer) eindig, en nie direk ná die antesedent *τὸν ἀνθρώπου* (die man) nie. Die relatiewe bysin is dus aangeheg, maar bogenoemde beginsel vir saamgroepering van antesedente en beperkende relatiewe bysinne geld ook in hierdie geval. Die bepaling deur die lidwoord *τὸν* (die) is individualiserend en die hoof selfstandige naamwoord *ἀνθρώπου* (man) verwys na 'n subgroep van die begrip *ἄνθρωπος* (man). Die bepaling is dus spesifiek. Die referent van die hoof selfstandige naamwoord bestaan in die spreeksituasie en is in totaliteit betrokke, en die bepaling van *ἀνθρώπου* (man) is dus ook definitief. Die skopus van die lidwoord *τὸν* (die) sluit die hoof selfstandige naamwoord en die aangehegte relatiewe bysin, wat as beperkend geneem word, in.

In gevalle waar 'n universele kwantifiseerder – soos *πᾶς* (elke, alle, hele/totale [laasgenoemde betekenis met die lidwoord], enige), *οὐδείς* (geen) en *έκαστος* (elke) – die hoof selfstandige naamwoord van die antesedent voorafgaan, is die relatiewe bysin feitlik deurgaans beperkend.²⁸ 'n Universele kwantifiseerder kan ook genominaliseer word en as antesedent van 'n relatiewe bysin optree. In sulke gevalle groepeer dit ook met beperkende relatiewe bysinne. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- (19) a. Jud. 15b: *ἐλέγξει πάσαν ψυχὴν περι [πάντων τῶν ἔργων ἀσεβείας αὐτῶν [ὧν ἠσέβησαν]]*
(om elke persoon te straf vir al hul goddelose daede [lett.: daede van hulle goddeloosheid] wat hulle in hul goddeloosheid gedoen het)
- b. Joh. 16:15a: *[πάντα [ὅσα ἔχει ὁ πατήρ]] ἐμὰ ἐστιν.*
(alles wat die Vader het, is myne)
- c. Mark. 9:39b: *[οὐδείς γάρ ἐστιν [ὃς ποιήσει δύναμιν ἐπὶ τῷ ὀνόματί μου]]*²⁹
(want daar is niemand wat in my Naam 'n kragtige daad doen)

In (19a) kom die kwantifiseerder *πάντων* (al) voor die hoof selfstandige naamwoord *ἔργων* (dade) van die antesedent voor, en sy skopus sluit die hoof selfstandige naamwoord en sy attribuut *ἀσεβείας αὐτῶν* (lett.: van hulle goddeloosheid), sowel as die beperkende relatiewe bysin, in. In (19b) is die genominaliseerde kwantifiseerder *πάντα* (alles) die hoofnominale en die ingebedde relatiewe bysin is beperkend. In (19a en b) is die relatiewe bysin postnominale en ingebed, en in (19c) aangeheg.

In enkele gevalle kom 'n bystellende relatiewe bysin ná 'n hoof selfstandige naamwoord met 'n universele kwantifiseerder voor, soos in die volgende voorbeelde:

- (20) a. Rom. 1:5b–6a: *ἐλάβομεν χάριν καὶ ἀποστολὴν εἰς ὑπακοὴν πίστεως ἐν [πᾶσιν τοῖς ἔθνεσιν ὑπὲρ τοῦ ὀνόματος αὐτοῦ, [ἐν οἷς ἐστε]]*³⁰
(ek [lett.: ons] het die genade om 'n apostel te wees [lett.: genade en apostelskap] ontvang om ter wille van sy naam geloofsgehoorsaamheid onder al die heidene te bring, onder wie julle is)
- b. 2 Tim 1:15b: *ἀπεστράφησάν με [πάντες οἱ ἐν τῇ Ἀσίᾳ, ὧν ἐστιν Φύγελος καὶ Ἑρμογένης.*
(Al dié in Asië het my in die steek gelaat, onder wie Figelus en Hermogenes is.)

Alhoewel die kwantifiseerder *πᾶσιν* (al) in (20a), in kombinasie met die lidwoord *τοῖς* (die), by die hoof selfstandige naamwoord *ἔθνεσιν* (heidene) voorkom, is die relatiewe bysin bystellend. In (20b) kom die kwantifiseerder *πάντες* (al) by die nominale frase *οἱ ἐν τῇ Ἀσίᾳ* (dié in Asië) voor, en die relatiewe bysin is ook bystellend. In (20a) is die relatiewe bysin aangeheg en in (20b) ingebed. Die voorkoms van bystellende relatiewe bysinne ná die universele kwantifiseerder kan te doen hê met die feit dat die relatiewe voornaamwoorde *οἷς* (wie) en *ὧν* (onder wie) in (20a en b) respektiewelik in 'n partitiwe konstruksie is. In (20a) word die partitiwe betekenis uitgedruk deur die preposisionele frase *ἐν οἷς* (onder wie), en in (20b) deur die partitiwe genitief *ὧν* (onder wie).³¹

Kwantifiseerders soos *πολλοί* (baie), *τινές* (sommige), *ὀλίγοι* ('n paar), *ἱκανοί* (baie, 'n hele paar), verskil van universele kwantifiseerders in dié opsig dat hulle vrylik saam met

beperkende of bystellende relatiewe bysinne groepeer. Dié kwantifiseerders kan ook in genominaliseerde vorm in die antesedent voorkom en met beide tipes relatiewe bysinne groepeer. Vergelyk die volgende voorbeelde waarin die kwantifiseerder *τινές* (sommige) voorkom:

(21) a. Joh. 6:64a: ἀλλ' εἰσὶν [ἐξ ὑμῶν *τινές* [οἱ οὐ πιστεύουσιν]].
(maar daar is sommige van julle wat nie glo nie)

b. Hand 24:19: [τινές δὲ ἀπὸ τῆς Ἀσίας *Ἰουδαῖοι*, [οὓς ἔδει ἐπὶ σοῦ παρεῖναι καὶ κατηγορεῖν εἴ τι ἔχοιεν πρὸς ἐμέ]].
(maar sommige van die Jode uit Asië, wat hier voor U moes gewees het en 'n aanklag gebring het as hulle iets teen my sou hê)

In (21a) is die genominaliseerde kwantifiseerder *τινές* (sommige) die hoofnominale van die antesedent *ἐξ ὑμῶν τινές* (sommige van julle) en word gevolg deur 'n beperkende relatiewe bysin. In (21b) word *τινές* adjektiewies gebruik by die hoof selfstandige naamwoord *Ἰουδαῖοι* (Jode) van die antesedent, en die ingebedde relatiewe bysin is bystellend.

3.2 Die groepering van antesedente en bystellende relatiewe bysinne


Soos in afdeling 2.1 aangedui, groepeer 'n bystellende relatiewe bysin volgens Lehmann (1984:261) by 'n hoofnominale wat definitief of generies is. Die skopus van die bepaler, hetsy 'n lidwoord of 'n kwantifiseerder, dek in hierdie geval net die hoofnominale van die antesedent, en nie ook die relatiewe bysin nie. Die struktuur in (3b) is dus van toepassing. Hierdie beginsel geld klaarblyklik ook in nominale relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament. Vergelyk die volgende voorbeeld:

(22) 1 Tim. 1:4: μηδὲ προσέχειν [μύθοις καὶ γενεαλογίαις ἀπεράντοις, [αἵτινες ἐκζητήσεις παρέχουσιν μᾶλλον ἢ οἰκονομίαν θεοῦ τὴν ἐν πίστει]].
(en nie aanhou glo in versinsels en eindelose geslagsregisters nie, wat eerder betekenislose spekulاسie bevorder as God se plan deur die geloof)

In (22) is die referente van die hoof selfstandige naamwoorde van die antesedent *μύθοις καὶ γενεαλογίαις* (verdigsels en geslagsregisters) nie spesifieke entiteite nie, maar tipes, wat aangedui word deur die afwesigheid van die lidwoord voor beide selfstandige naamwoorde. Die hoof selfstandige naamwoorde is dus generies. Die skopus van die koverte generiese bepaler dek net die hoofnominale *μύθοις καὶ γενεαλογίαις ἀπεράντοις* (versinsels en eindelose geslagsregisters), en sluit nie die relatiewe bysin, wat as bystellend geïnterpreteer word, in nie. Die betekenis van die reeks in (22) kan in die volgende sinne weergegee word: (*Sekere persone moet nie aanhou glo in versinsels en eindelose geslagsregisters nie; en versinsels en eindelose geslagsregisters bevorder eerder betekenislosespekulasie as God se plan deur die geloof.*

Al die geraadpleegde vertalings interpreteer die relatiewe bysin in (22) ook as bystellend, en vertaal dit óf met 'n bystellende relatiewe bysin, bv. Die Bybel, 1933/1953-vertaling (AFR53) en die English Standard Version (ESV) (2011), óf as 'n selfstandige sin, wat die bystellende interpretasie ondersteun. Onder laasgenoemde groep val bv. Die Bybel, Nuwe Testament en Psalms, 'n Direkte Vertaling (BDV) (2014), Die Bybel, 1983-vertaling (AFR83), The Holy Bible, New Living Translation (NLT) (2006), The New Jerusalem Bible (NJB) (1990) en The Holy Bible, International Standard Version: New Testament (ISV) (2000).


Die vereenvoudigde sintaktiese struktuur van die relatiewe konstruksie in (22) kan soos volg voorgestel word:




In sommige gevalle is dit egter nie duidelik of die relatiewe bysin bystellend of beperkend is nie. Vergelyk die volgende voorbeeld:

- (24) Matt. 7:15: Προσέχετε ἀπὸ [τῶν ψευδοπροφητῶν, [οἵτινες ἔρχονται πρὸς ὑμᾶς ἐν ἐνδύμασιν προβάτων, ἔσωθεν δὲ εἰσὶν λύκοι ἄρπαγες]].
 (pas op vir [die] vals profete, wat tipies in skaapsklere na julle toe kom,³² maar in hulle binneste bouse en vernielsugtige wolwe is) [BYSTELLEND]; OF: pas op vir die vals profete wat tipies in skaapsklere na julle toe kom, maar in hulle binneste bouse en vernielsugtige wolwe is [BEPERKEND].)

In die bystellende interpretasie word die lidwoord τῶν (die) by die hoof selfstandige naamwoord ψευδοπροφητῶν (vals profete) as generies³³ beskou, bv. deur die ESV, New American Standard Bible (NASB) (1995), New Revised Standard Version of the Bible (NRSV) (1989), AFR83 en New International Version (NIV) (2011).³⁴ Die skopus van die bepaler sluit net die hoof selfstandige naamwoord in, en nie ook die bystellende relatiewe bysinne nie. In dié interpretasie kan die betekenis van die sin in (24) in die volgende sinne weergegee word: *Pas op vir (die) vals profete; en (die) vals profete kom tipies in skaapsklere na julle toe, maar in hulle binneste is hulle bouse en vernielsugtige wolwe.* In dié interpretasie sou die vereenvoudigde sintaktiese struktuur van die relatiewe konstruksie in (24) soos volg voorgestel kon word:



In die beperkende interpretasie, wat in die AFR53, BDV, NLT, ISV en NJB aangetref word, word die struktuur van die relatiewe konstruksie soos volg verstaan: die gebruik van die lidwoord *τῶν* (die) is individualiserend (en nie generies nie), en die hoof selfstandige naamwoord *ψευδοπροφητῶν* (vals profete) dui 'n subgroep van referente aan waarna *ψευδοπροφητῶν* (vals profete) verwys. Die bepaling is ook definitief, want die groep referente waarna *ψευδοπροφητῶν* (vals profete) verwys, bestaan in die spreeksituasie en is in geheel betrokke. Die skopus van die lidwoord *τῶν* sluit in hierdie geval die hoof selfstandige naamwoord sowel as die beperkende relatiewe bysin in. Die vereenvoudigde sintaktiese struktuur van die relatiewe konstruksie in (24) sou dan soos volg daar uitsien:



In Grieks groepeer eiename wat as hoof selfstandige naamwoord van die antesedent in nominale relatiewe konstruksies optree, feitlik deurgaans saam met bystellende relatiewe bysinne, soos ook in verskeie moderne tale.³⁷ Vergelyk die voorbeelde in (27a en b):

(27) a. 3 Joh. 1: Ὁ πρεσβύτερος [Γαίῳ τῷ ἀγαπητῷ, [ὄν ἐγὼ ἀγαπῶ ἐν ἀληθείᾳ]].
(die Oudste aan die geliefde Gaius, wat ek waarlik liefhet)

b. Hand. 21:29: ἦσαν γὰρ προεωρακότες [Τρόφιμον τὸν Ἐφέσιον ἐν τῇ πόλει σὺν αὐτῷ,³⁸ [ὄν ἐνόμιζον ὅτι εἰς τὸ ἱερόν εἰσήγαγεν ὁ Παῦλος]].

(want hulle het Trofimus, die Efesiër, saam met hom in die stad gesien, en het gedink dat Paulus hom in die tempel ingebring het (lett.: wat hulle gedink het Paulus in die tempel ingebring het)

In (27a) groepeer die bystellende relatiewe bysin saam met die antesedent *Γαίῳ τῷ ἀγαπητῷ* (die geliefde Gaius), waarin die eienaam *Γαίῳ* (Gaius) die hoof selfstandige naamwoord is. In (27b) is die relatiewe bysin ook bystellend by die antesedent *Τρόφιμον τὸν Ἐφέσιον* (Trofimus, die Efesiër) waarin *Τρόφιμον* die hoof selfstandige naamwoord is. Die relatiewe bysin in (27a) is ingebed en dié in (27b) aangeheg.

Enkele gevalle is in die Griekse Nuwe Testament gevind waar 'n beperkende relatiewe bysin saam met 'n eienaam groepeer, soos in die volgende voorbeelde:

(28) a. Hand. 19:13b: *ὀρκίζω ὑμᾶς [τὸν Ἰησοῦν [ὃν Παῦλος κηρύσσει]]*
(ek besweer julle by dié Jesus wat Paulus verkondig)

b. 2 Kor. 11:4a: *εἰ μὲν γὰρ ὁ ἐρχόμενος [ἄλλον Ἰησοῦν κηρύσσει [ὃν οὐκ ἐκηρύξαμεν]]*
(want as iemand wat kom dan 'n ander Jesus verkondig as die een wat ons verkondig het [lett.: 'n ander Jesus verkondig wat ons nie verkondig het nie])

In (28a en b) kom die eienaam *Ἰησοῦν* (Jesus) saam met 'n beperkende relatiewe bysin voor. In sulke gevalle tree die eienaam soos 'n soortnaam op. Die meeste geraadpleegde vertalings vertaal die relatiewe bysin in (28a) dan ook as beperkend, behalwe Die Bybel, Nuwe Lewende Vertaling (NLV) (2011) en die Good News Translation (GNT) (1976), wat dit as bystellend interpreteer.³⁹ Die meeste geraadpleegde Engelse vertalings vertaal die relatiewe konstruksie in (28b) as 'n vergelyking, soos bv. die ESV: *another Jesus than the one we proclaimed* (ESV), en die NJB: *a Jesus other than the one we preached* (NJB), wat die beperkende interpretasie ondersteun. Die NASB vertaal dit as *another Jesus whom we have not preached*, dit wil sê as 'n relatiewe konstruksie met 'n beperkende relatiewe bysin.

Vergelyk ook die relatiewe konstruksie in die volgende sin:

(29) Hand. 9:5b: *ὁ δέ· ἐγώ εἰμι [Ἰησοῦς [ὃν σὺ διώκεις]].*
(en [Hy] sê: Ek is Jesus vir wie jy vervolg) / Ek is Jesus, vir wie jy vervolg

In (29) kan die relatiewe bysin as beperkend (identifisering van Jesus as die een wat vervolg word) of bystellend (agtergrondsinsligting) geïnterpreteer word. Laasgenoemde lyk die waarskynlikste en word ook so deur al die geraadpleegde vertalings interpreteer, met uitsondering van die AFR53.⁴⁰

Persoonlike voornaamwoorde is volgens Lehmann (1984:264) definitief en groepeer feitlik deurgaans saam met bystellende relatiewe bysinne, hoewel hulle soms saam met beperkende relatiewe bysinne voorkom.⁴¹ Daar kom in die Griekse Nuwe Testament min gevalle voor waar 'n persoonlike voornaamwoord die antesedent van 'n relatiewe bysin is. Vergelyk die volgende voorbeeld waar die relatiewe bysin, ná die persoonlike voornaamwoord *ἡμῖν* (aan ons), waarskynlik beperkend is (en ook so deur al die geraadpleegde vertalings geïnterpreteer word):

- (30) Hand. 10:40b–41c ὁ θεὸς...ἔδωκεν αὐτὸν ἐμφανῆ γενέσθαι...[*ἡμῖν*,
[οἵτινες⁴² συνεφάγομεν καὶ συνεπίομεν αὐτῷ] μετὰ τὸ ἀναστῆναι
αὐτὸν ἐκ νεκρῶν·
(God ... het Hom laat verskyn ... aan ons wat saam met Hom geëet
en gedrink het ná sy opstanding uit die dood.)

In (31) is 'n bystellende sowel as 'n beperkende interpretasie moontlik ná die persoonlike voornaamwoord:

- (31) 1 Kor. 10:11b: ἐγράφη δὲ πρὸς νοουθεσίαν [*ἡμῶν*, [εἰς οὓς τὰ τέλη τῶν αἰώνων
κατήντηκεν]].
(Maar dit is as waarskuwing vir ons geskryf, op wie die einde van die
eeue gekom het [BYSTELLEND]; OF: Maar dit is as waarskuwing vir ons
geskryf op wie die einde van die eeue gekom het [(BEPERKEND)].)

Die bystellende interpretasie word deur die vertalings in die ESV, NRSV en NJB ondersteun, terwyl die AFR53, AFR83, BDV, NLT en ISV dit as beperkend beskou.

3.3 Groeperings van meer as een relatiewe bysin ná 'n antesedent

In sommige gedeeltes in die Nuwe Testament kom 'n hoë persentasie relatiewe konstruksies voor.⁴³ Vgl. die volgende voorbeeld:

- (32) Hand. 1:1–3a.: ¹Τὸν μὲν πρῶτον λόγον ἐποίησάμην περὶ [*πάντων*, ὃ Θεόφιλε,⁴⁴ [*ὧν ἤρξατο ὁ Ἰησοῦς ποιεῖν τε καὶ διδάσκειν*]], ²ἄχρι [*ἧς ἡμέρας ἐντειλάμενος [τοῖς ἀποστόλοις διὰ πνεύματος ἁγίου [οὓς ἐξελέξατο]] ἀνελήμφθη*]]. ³οἷς καὶ παρέστησεν ἑαυτὸν ζῶντα μετὰ τὸ παθεῖν αὐτὸν ἐν πολλοῖς τεκμηρίοις.
(Die eerste boek, Teofilus, het ek daargestel oor alles wat Jesus gedoen en onderrig het⁴⁵ tot die dag waarop Hy opgeneem is, nadat Hy deur die Heilige Gees aan die dissipels wat Hy uitgekies het, opdrag gegee het. Aan hulle het Hy Hom ook, na sy lyding, met baie oortuigende bewyse lewend vertoon.)

In die kort gedeelte in (32) kom drie relatiewe konstruksies voor. Die relatiewe konstruksie in vers 1 bestaan uit die genominaliseerde kwantifiseerder *πάντων* (alles) as antesedent en die beperkende relatiewe bysin *ὧν ἤρξατο ὁ Ἰησοῦς ποιεῖν τε καὶ διδάσκειν* (wat Jesus gedoen en onderrig het). In vers 2 kom twee relatiewe konstruksies voor: die eerste bestaan uit 'n sirkumnominale konstruksie *ἧς ἡμέρας ἀνελήμφθη* (die dag waarop Hy opgeneem is), waarin die hoof selfstandige naamwoord van die antesedent *ἡμέρας* (dag) in die relatiewe bysin voorkom. Die tweede relatiewe konstruksie, wat binne-in die sirkumnominale konstruksie voorkom, bestaan uit 'n antesedent *τοῖς ἀποστόλοις* (die apostels) en die beperkende relatiewe bysin *οὓς ἐξελέξατο* (wat Hy uitgekies het). Vers 3 word ingelei deur die relatiewe voornaamwoord *οἷς* (aan hulle).

In sommige gevalle kom 'n reeks vrye relatiewe direk na mekaar voor, soos in (33):

- (33) 1 Joh. 1,1–3a.: ¹[*Ὁ ἦν ἀπ' ἀρχῆς*]], [*ὁ ἀκηκόαμεν*]], [*ὁ ἐωράκαμεν τοῖς ὀφθαλμοῖς ἡμῶν*]], [*ὁ ἐθεασάμεθα καὶ αἱ χεῖρες ἡμῶν ἐψηλάφησαν περὶ τοῦ λόγου τῆς ζωῆς*]] – ²καὶ ἡ ζωὴ ἐφανερῶθη, καὶ ἐωράκαμεν καὶ μαρτυροῦμεν καὶ ἀπαγγέλλομεν ὑμῖν [*τὴν ζωὴν τὴν αἰώνιον [ἣτις ἦν πρὸς τὸν πατέρα καὶ*

ἐφανερῶθη ἡμῖν)] – ³[ὁ ἐωράκαμεν καὶ ἀκηκόαμεν]], ἀπαγγέλλομεν καὶ ὑμῖν.

(wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons gesien en ons hande aangeraak het aangaande die Woord van die Lewe – en die lewe is geopenbaar en ons het dit gesien en getuig daarvan en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is – wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle)

In vers 1 kom 'n opeenhoping van vier vrye relatiewe direk na mekaar voor: *ὁ ἦν ἀπ' ἀρχῆς* (wat van die begin af was), *ὁ ἀκηκόαμεν* (wat ons gehoor het), *ὁ ἐωράκαμεν τοῖς ὀφθαλμοῖς ἡμῶν* (wat ons met ons oë gesien het) en die neweskikkende relatiewe bysin *ὁ ἐθεασάμεθα καὶ αἱ χεῖρες ἡμῶν ἐψηλάφησαν περὶ τοῦ λόγου τῆς ζωῆς* (wat ons gesien en ons hande aangeraak het aangaande die Woord van die Lewe). Dié reeks vrye relatiewe is almal direkte voorwerpe van die werkwoord *ἀπαγγέλλομεν* (ons verkondig) in vers 3. In die parentese in vers 2 kom die neweskikkende relatiewe bysin *ἣτις ἦν πρὸς τὸν πατέρα καὶ ἐφανερῶθη ἡμῖν* (wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is) voor. In vers 3 kom die neweskikkende vrye relatief *ὁ ἐωράκαμεν καὶ ἀκηκόαμεν* (wat ons gesien en gehoor het) voor, wat (net soos die vrye relatiewe in vers 1) die direkte objek is van *ἀπαγγέλλομεν* (ons verkondig).

In die geval van opstapeling van relatiewe bysinne is daar egter spesifieke anaforiese verhoudings betrokke, soos wat in afdeling 2.1 bespreek is.⁴⁶ Dit wil voorkom of die beginsels vir opstapeling, asook die toelaatbare volgorde van tipes relatiewe bysinne in opgestapelde strukture, op dieselfde wyse in die Griekse Nuwe Testament werk as in moderne tale (sien afdeling 2.1).

Die volgende is 'n moontlike voorbeeld van opstapeling van beperkende relatiewe bysinne:

(34) Luk. 18:29b–30: ^{29b}[οὐδείς ἐστιν⁴⁷ [ὃς ἀφῆκεν οἰκίαν ἢ γυναῖκα ἢ ἀδελφούς ἢ γονεῖς ἢ τέκνα ἕνεκεν τῆς βασιλείας τοῦ θεοῦ],³⁰ [ὃς οὐχὶ μὴ [ἀπο]λάβῃ πολλαπλασίονα ἐν τῷ καιρῷ τούτῳ καὶ ἐν τῷ αἰῶνι τῷ ἐρχομένῳ ζῶν αἰώνιον]]

(Daar is niemand wat huis of vrou of broers of ouers of kinders ter wille van die koninkryk van God verlaat het wat nie in hierdie tyd baie keer soveel [terug]kry, en in die era wat kom, die ewige lewe nie.)

Die relatiewe bysin in vers 29b en die asindetiese relatiewe bysin in vers 30 kan albei as beperkend geïnterpreteer word ná die genominaliseerde universele kwantifiseerder *οὐδείς* (niemand) as antesedent, en as opgestapelde beskou word. Dit beteken dat die relatiewe bysin in vers 29 by die antesedent *οὐδείς* (niemand) in vers 29 groepeer, en dat die hele groepering, dit wil sê *οὐδείς ὃς ἀφῆκεν οἰκίαν ἢ γυναῖκα ἢ ἀδελφούς ἢ γονεῖς ἢ τέκνα ἕνεκεν τῆς βασιλείας τοῦ θεοῦ* (niemand wat huis of vrou of broers of ouers of kinders ter wille van die koninkryk van God verlaat het) op sy beurt die antesedent is van die relatiewe bysin in vers 30. Dié interpretasie word deur die ISV en NJB ondersteun.

'n Aantal vertalings, waaronder die AFR53, DBV, NRSV, NASB, ESV en NLT, beskou die relatiewe bysin in vers 30 skynbaar as bystellend. Al hierdie vertalings plaas 'n komma direk ná vers 29. Dié interpretasie is moontlik in die konteks, en die opeenvolging van 'n beperkende en asindetiese bystellende relatiewe bysin (in daardie volgorde) is grammatikaal volgens algemeen-taalkundige beginsels.⁴⁸ Die feit dat die antesedent van die relatiewe

bysinne in verse 29b–30 die universele kwantifiseerder *οὐδείς* (niemand) as antesedent het, kan egter as 'n argument ten gunste van 'n beperkende interpretasie van dié relatiewe bysinne beskou word.⁴⁹ Verder is dit ook 'n vraag of die gebruik van die komma aan die einde van vers 29 deur sommige vertalings noodwendig 'n bystellende interpretasie impliseer, en of die komma nie bloot 'n leesfasiliteerder is in die lang sin wat vanaf vers 29 tot 30 strek nie.

Bystellende relatiewe bysinne kan klaarblyklik ook in die Griekse Nuwe Testament opstapel.⁵⁰ Vergelyk die volgende voorbeeld:

(35) Rom. 16:3–5a: ³Ἀσπάσασθε [*Πρίσκαν καὶ Ἀκύλαν* τοὺς συνεργούς μου ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ, ⁴[οἵτινες ὑπὲρ τῆς ψυχῆς μου τὸν ἑαυτῶν τράχηλον ὑπέθηκαν], [οἷς οὐκ ἐγὼ μόνος εὐχαριστῶ ἀλλὰ καὶ πᾶσαι αἱ ἐκκλησίαι τῶν ἑθνῶν)], ^{5a}καὶ τὴν κατ' οἶκον αὐτῶν ἐκκλησίαν.
(Groet Priska en Akwila, my medewerkers in Christus Jesus, wat hul lewe vir my gewaag het, teenoor wie nie net ek nie, maar ook al die gemeentes onder die heidene dankbaar is, en [groet ook] die gemeente by hulle aan huis.)

In vers 3 in (35) word die antesedent *Πρίσκαν καὶ Ἀκύλαν* τοὺς συνεργούς μου ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ (Priska en Akwila, my medewerkers in Christus Jesus), wat die direkte voorwerp van *ἀσπάσασθε* is, gevolg deur twee relatiewe bysinne wat saam as 'n parentese in vers 4 voorkom. Dié relatiewe bysinne is albei bystellend ná die eiename *Πρίσκαν* (Priska) en *Ἀκύλαν* (Akwila), wat die hoof selfstandige naamwoorde van die antesedent is. Die konstruksie in vers 3 word, ná die parentese in vers 4, in vers 5 voortgesit met 'n verdere direkte voorwerp van *ἀσπάσασθε* (groet), naamlik *τὴν κατ' οἶκον αὐτῶν ἐκκλησίαν* (die gemeente by hulle aan huis), wat deur *καί* (en) aan die direkte objek in vers 3 gekoppel word. Dit lyk of die twee bystellende relatiewe bysinne in vers 4 as opgestapel geïnterpreteer kan word.⁵¹

Geen voorbeelde is in die Griekse Nuwe Testament aangetref van bystellende en beperkende relatiewe bysinne (in hierdie volgorde) wat opstapel nie. Dit stem ooreen met Lehmann (1984:264) se algemene beginsel dat 'n naamwoordstuk wat reeds definitief bepaal is, nie deur 'n beperkende relatiewe bysin verder afgegrens kan word nie.⁵²

Woord van dank

My dank aan Johan Oosthuizen van die Departement Algemene Taalwetenskap, Universiteit Stellenbosch, vir sy waardevolle bydrae tot hierdie artikel.

Bibliografie

Abney, S. 1987. The English noun phrase in its sentential aspect. Doctoral dissertation. MIT.

Aland B., K. Aland, J. Karavidopoulos, C.M. Martini en B.M. Metzger (reds.). 2012. *Novum Testamentum Graece*. 28ste uitgawe. Geredigeer deur die Institut für Neutestamentliche Textforschung. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.

- Baldi P. en P. Cuzzolin (reds.). 2011. *Complex sentences, grammaticalization, typology*. New Perspectives on Historical Latin Syntax 4. Berlyn: De Gruyter Mouton.
- Blass, F. en A. Debrunner. [1913] 1967. *A Greek grammar of the New Testament and other early Christian literature*. Vertaal en hersien deur R.W. Funk. Chicago: University of Chicago Press, Toronto: The University of Toronto Press.
- . [1913] 1979. *Grammatik des neutestamentlichen Griechisch*. 14de uitgawe, volledig herbewerk en uitgebrei deur F. Rehkopf. Göttingen: Vandenhoeck.
- Chomsky, N. 1977. *Essays on form and interpretation*. Den Haag: Mouton.
- . 2006. Approaching UG from below. In Sauerland en Gärtner (reds.) 2008.
- Comrie, B. 1989. *Language universals and linguistic typology. Syntax and morphology*. 2de uitgawe. Chicago: University of Chicago Press.
- Culicover, P.W. 1997. *Principles and parameters. An introduction to syntactic theory*. Oxford Textbooks in Linguistics. Oxford: Oxford University Press.
- Danker, F.W. 2000. *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature*. 3de uitgawe. Chicago, Londen: University of Chicago Press.
- De Vries, M. 2006. The syntax of appositive relativization: On specifying coordination, false free relatives, and promotion. *Linguistic Inquiry*, 37(2):229–70.
- Die Bybel: 1933/1953-vertaling. Kempton Park: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel: 1983-vertaling. Kempton Park: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel: Nuwe Lewende Vertaling. 2011: Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Die Bybel: Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling. 2014. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Du Toit, H.C. 1984. Semantiek en sintaksis van relatiewe sinne in die Griekse Nuwe Testament. Ongepubliseerde DLitt-proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- . 2014. The semantics and syntax of relative sentences in the Greek New Testament. Voordrag by die 69ste Algemene Vergadering van die SNTS. Szeged, Hongarye.
- . 2015. Exploring the function of relative sentences in New Testament Greek. *Hervormde Teologiese Studies*, 71(1):1–8.
- . 2016. Some syntactic features of relative constructions in the Greek New Testament. Accepted for publication in *Stellenbosch Papers in Linguistics (SPIL)*, 45.
- Gilliard, F.D. 1989. The problem of the Antisemitic comma between 1 Thessalonians 2:14 and 15. *New Testament Studies*, 35(4):481–502.
- Good News Translation. 1976. Philadelphia: American Bible Society.

Greenberg, J.H. 1966. Some universals of grammar with particular reference to the order of meaningful elements. In Greenberg(red.) 1966.

Greenberg, J.H. (red.). 1966. *Universals of language*. 2de uitgawe. Cambridge: MIT Press.

Haegemann, L. 1994. *Introduction to government and binding theory*. 2de uitgawe. Oxford: Blackwell Publishers.

Hayes, M.E. 2014. An analysis of the attributive participle and the relative clause in the Greek New Testament. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Concordia Seminary: St Louis.

Heberlein, F. 2011. Temporal clauses. In Baldi en Cuzzolin (reds.) 2011.

Hendery, R. 2012. *Relative clauses in time and space. A case study in the methods of diachronic typology*. Typological studies in Language 101. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.

Hornstein, N., J. Nunes en K.K. Grohmann. 2006. *Understanding minimalism*. Cambridge Textbooks in Linguistics. Cambridge: Cambridge University Press.

Lehmann, C. 1984. *Der Relativsatz: Typologie seiner Strukturen; Theorie seiner Funktionen; Kompendium seiner Grammatik*. Language Universal Series 3. Tübingen: Gunter Narr Verlag.

New American Standard Bible. 1995. La Habra: The Lockman Foundation.

Nuwe Testament en Psalms: 'n direkte vertaling. 2014. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Oosthuizen, J. 2013. Obligatory reflexivity in a minimalist grammar of Afrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 42:205–41.

Peranteau, P.M., J.N. Levi en G.C. Phares (reds.). 1972. *The Chicago which hunt. Papers from the Relative Clause Festival*. A paravolume to papers from the Eighth Regional Meeting. Chicago: Chicago Linguistic Society.

Porter, S.E. 2013. Translation, exegesis, and 1 Thessalonians 2.14–15. Could a comma have changed the course of history? *The Bible Translator*, 64(1):82–98.

Quirk, R., S. Greenbaum, G. Leech en J. Svartvik. 1985. *A comprehensive grammar of the English language*. New York: Longman.

Radford, A. 2009. *Analysing English sentences. A minimalist approach*. New York: Cambridge University Press.

Reibel, D.A. en S.A. Shane (reds.). 1964. *Modern Studies in English. Readings in transformational grammar*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Robertson, A.T. 1919. *A grammar of the Greek New Testament in the light of historical research*. Hersiene en uitgebreide 3de uitgawe. Cambridge: Cambridge University Press.

Sauerland U. en H.-M. Gärtner (reds.). 2008. *Studies in Generative Grammar* 89. Berlyn: Mouton de Gruyter.

Smith, C.S. 1964. Determiners and relative clauses in a generative grammar of English. In Reibel en Shane (reds.) 1964.

The Holy Bible: English Standard Version. 2011. Wheaton: Good News Publishers.

The Holy Bible: International Standard Version. 2000. Santa Ana: ISV Foundation.

The Holy Bible: New International Version. 2011. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

The Holy Bible: New King James Version. 1982. Nashville: Thomas Nelson. Inc..

The Holy Bible: New Living Translation. 2007. Wheaton: Tyndale House Publishers.

The Holy Bible: New Revised Standard Version of the Bible. 1989. Peabody: Hendrickson Publishers.

The New Jerusalem Bible. Reader's Edition. 1990. New York, Londen, Toronto, Sydney; Doubleday.

Van Valin, R.D. en R. J. LaPolla. 1997. *Syntax. Structure, meaning and function*. Cambridge: Cambridge University Press.

Voelz, J.W. 2006. Participles, Part 3. *Concordia Journal*, 32:401–3.

Wallace, D.B. 1996. *Greek grammar beyond the basis. An exegetical syntax of the New Testament*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Eindnotas

¹ Volgens Greenberg (1966:77) lyk dit of die voorkoms van dié tipes relatiewe bysinne verwant is aan algemene kenmerke van taal in terme van sy tipologie van woordordes, naamlik VSO (verb-subject-object), SVO (subject-verb-object) en SOV (subject-object-verb). In OV-tale soos Mandaryns, Japannees, Koreaans, Telegu, Turks, Amharies en Baskies is die relatiewe bysin prenominaal, terwyl dit in VO-tale soos Engels, Frans, Hebreeus, Persies en Wallies postnominaal is.

² Ten einde verwysing te vergemaklik en die bespreking te vereenvoudig, word relatiewe konstruksies in genommerde voorbeelde soos (1) deur kursiewe vierkantige hakies (= []) aangedui en relatiewe bysinne deur gewone vierkantige hakies (= []).

³ Voorbeeld uit Comrie (1989:142).

⁴ Voorbeeld uit Hornstein, Nunes en Grohmann (2006:36).

⁵ Die term *beperkend* (Eng. *restrictive*) word algemeen vir hierdie funksie gebruik (bv. De Vries 2006:234–5, 264 en Van Valin en Lapolla 1997:500). Alhoewel “identifiserend” ’n meer

omvattende beskrywing van die funksie is (Du Toit 2015:3–5), vind identifikasie gewoonlik deur middel van beperking plaas. Die term *beperking* speel 'n belangrike rol in Lehmann (1984) se beskrywing van groeperings in relatiewe konstruksies wat in afdeling 2 bespreek sal word, en word in hierdie studie gebruik om verwarring uit te skakel.

⁶ Radford gebruik *appositive* vir hierdie tipe relatiewe bysin. Die term *nonrestrictive* kom ook dikwels voor, bv. in Chomsky (1977:65) en Comrie (1989:138) (albei algemeen-taalkundige publikasies), asook in Porter (2013:86) en Voelz (2006:401–3) (Griekse vakliteratuur). Die terme *descriptive* en *explanatory* word ook soms gebruik (verwysing deur Comrie 1989:138).

⁷ Vir 'n bespreking van die sintaksis van relatiewe konstruksies in die Griekse Nuwe Testament, sien Du Toit (2016).

⁸ 'n Nominale antesedent het 'n naamwoordelike element as sy hoof/kern, en is gewoonlik 'n selfstandige naamwoord, maar ook soms 'n persoonlike voornaamwoord, demonstratiewe voornaamwoord, adjektief, ens., wat sintakties soos 'n selfstandige naamwoord optree.

⁹ Sien bv. Hendery (2012:32, 40), Heberlein (2011:270, vn. 84, 278), De Vries (2006:243, 251), ens.

¹⁰ Volgens Boyer (1988:236) is daar 473 vrye relatiewe (in sy terminologie, *nominal relative sentences*) in die Griekse Nuwe Testament waar die antesedent ontbreek, verstaan word, of doelbewus weggelaat word.

¹¹ Volgens Lehmann (1984:263) is daar byvoorbeeld in relatiewe konstruksies met appositiewe relatiewe bysinne 'n intonasiebreuk (in sy terminologie, *Intonationsbruch*) tussen die postnominale relatiewe bysin en die antesedent-naamwoord, terwyl die intonasie in die geval van relatiewe konstruksies met beperkende relatiewe bysinne op dieselfde plek aaneenlopend is.

¹² Sien byvoorbeeld ook Radford (2009:226) se gebruik van leestekens in (2a-d) hier bo om die twee tipes te onderskei. Soms is leestekens ook nie van waarde in hierdie verband nie. In geskrewe Duits, byvoorbeeld, word kommas deurgaans direk ná die antesedent, sowel as aan die einde van die relatiewe bysin, gebruik. Dit geld vir relatiewe konstruksies met beperkende en bystellende relatiewe bysinne. In die Duitse spreektaal is daar egter duidelike intonasie- en aksentverskille tussen die twee tipes (Lehmann 1984:263).

¹³ Hierdie verband is reeds kortliks deur Smith (1964:248) t.o.v. Engels aangetoon.

¹⁴ Lehmann gebruik wat ons sou vertaal as *nie-definitief*, *nie-spesifiek* en *nie-generies* om aan te dui dat die fundamentele bepaling in die betrokke geval afwesig is (ibid.).

¹⁵ Die term *onmiddellike medekonstituent* beteken die volgende in die diagramme in (3a) en (3b): in (3a) is die boonste Nom (wat in hierdie geval die hoofnominale van die relatiewe konstruksie én die relatiewe bysin insluit) die onmiddellike medekonstituent van die bepaler (Det), en in (3b) is Nom (wat hier net die hoofnominale insluit) die bepaler se onmiddellike medekonstituent.

¹⁶ Lehmann gebruik in die diagramme in (3a) en (b) 'n vroeër weergawe van die teorie van generatiewe grammatika. Sy afkorting NS staan vir *Nominalsyntax* (naamwoordstuk), VS vir *Verbalsyntax* (werkwoordstuk), Det vir *Determination* (bepaling), N vir *Nominal* (nominale), en GEN vir *generisch* (generies). Dit moet in gedagte gehou word dat die

konseptualisering van die begrip *naamwoordstuk* verskeie belangrike veranderings ondergaan het sedert die generatiewe benadering in die laat vyftigerjare bekendgestel is, onder andere a.g.v. die baanbrekerswerk van Abney (1987). Dit word vandag algemeen aanvaar dat 'n naamwoordstuk (NS; Eng. *noun phrase*, NP) altyd deel vorm van 'n groter nominale frase wat deur 'n overte of koverte bepaler (Eng. *determiner*, D) ingelei word. Dit beteken dat 'n nominale uitdrukking soos *the man* as 'n bepalerstuk (Eng. *determiner-phrase*, DP) ontleed word, waarin die naamwoordstuk *man* die komplement van die bepaler *the* verteenwoordig (sien Haegemann 1994, hoofstuk 11 en Culicover 1997, hoofstuk 3 vir verdere bespreking). Daar is verder ook geargumenteer dat 'n bepalerstuk self deel vorm van 'n groter nominale frase wat deur 'n funksionele kategorie, 'n sogenaamde *light noun* ingelei word (vgl. bv. Chomsky 2006, Oosthuizen 2013). Die term *naamwoordstuk* word egter in hierdie stuk gebruik wanneer na sekere nominale uitdrukkings verwys word, ten einde die bespreking so nie-tegnies as moontlik te hou.

¹⁷ Vgl. ook Lehmann (1984:271) se voorbeeld uit Latyn: *Ad Italiam accedet, in qua nos sedentes quid erimus?* (Cic.Cat.M.59) (hy sal na Italië toe kom, waar ons dan sal sit en wat sal ons wees?).

¹⁸ In (7) is *he* volgens Lehmann (ibid.) nie die antesedent nie, maar 'n tipe bepaler by die relatiewe bysin sonder 'n hoofnominale in die antesedent.

¹⁹ Sien Lehmann (1984:265) se bespreking van sy voorbeeld 8, wat verskillende funksionele sinsperspektiewe illustreer.

²⁰ *Opstapeling* verwys tegnies na 'n opeenvolging van relatiewe bysinne waarin die eerste relatiewe bysin die antesedent-naamwoord modifiseer, die tweede relatiewe bysin (wat asindeties is) die antesedent-naamwoord soos deur die eerste relatiewe bysin gemodifiseer, die derde relatiewe bysin (wat asindeties is) die antesedent-naamwoord soos gemodifiseer deur die eerste relatiewe bysin soos gemodifiseer deur die tweede relatiewe bysin, ens. Sien Chomsky (1977:66) vir meer besonderhede.

²¹ In relatiewe konstruksies wat uit 'n overte antesedent en 'n partisipiale relatiewe bysin bestaan, kan die relatiewe bysin pre- of postnominale voorkom. Die werkwoord in partisipiale relatiewe bysinne is in 'n partisipium-vorm en nie, soos in bostaande voorbeelde, in 'n finiete (dit wil sê, indikatiewe of subjunktiewe) modus nie. Vgl. bv. 1 Pet. 4:3a.: *ὁ παρεληλυθὼς χρόνος* (die tyd wat verbygegaan het) en 3 Joh. 9a.: *ὁ φιλο-πρωτεύων αὐτῶν Διοτρέφης* (Diotrefes, wat onder hulle eerste wil wees). Sien Hayes (2014:103–4, 123, 210, 214) vir verdere voorbeelde.

²² Vir 'n verduideliking van die term, sien eindnota 15.

²³ In genommerde Griekse voorbeelde soos hier word die element in die relatiewe konstruksie (gewoonlik die hoof selfstandige naamwoord, maar soms 'n genominaliseerde kwantifiseerder, demonstratiewe voornaamwoord, ens.) wat die getal en geslag van die relatiewe voornaamwoord bepaal, gekursiveer. Kursivering word nie gebruik waar 'n relatiewe bysin deur 'n onverbuigbare element (soos 'n relatiewe bywoord) of 'n vaste frase (soos *ἀφ' ἧς* [sedert], *ἀνθ' ὧν* [omdat], ens.) ingelei word nie, aangesien die gewone kongruensiereëls in sulke gevalle nie van toepassing is nie.

²⁴ Die vertalings van Griekse woorde en tekste in hierdie studie is my eie, tensy anders aangedui.

²⁵ Sien Wallace (1996:253–4) vir nog voorbeelde waar die afwesigheid van die lidwoord voor 'n selfstandige naamwoord op 'n generiese bepaling dui.

²⁶ Sien Blass en Debrunner (1979:202) en Wallace (1996:216–7).

²⁷ Die preposisionele frase *ἐκ δευτέρου* ('n tweede keer) vorm nie deel van die antesedent nie.

²⁸ So ook in Engels. Vgl. Quirk, Greenbaum, Leech en Svartvik (1985:1241) se voorbeeld van die ongrammatikaliteit van **Every book, which is written to deceive the reader, should be banned* (bystellend) teenoor *Every book which is written to deceive the reader, should be banned* (beperkend).

²⁹ Die reeks *γάρ ἐστιν* (want is) vorm nie deel van die relatiewe konstruksie nie.

³⁰ Die reeks *ὑπὲρ τοῦ ὀνόματος αὐτοῦ* (ter wille van sy Naam) vorm nie deel van die relatiewe konstruksie nie.

³¹ De Vries (2006:234) wys ook op gevalle in Engels waar die universele kwantifiseerder *all* by die hoof selfstandige naamwoord van relatiewe konstruksies voorkom wat bystellende (in sy terminologie, *non-restrictive*) relatiewe bysinne bevat. In sulke gevalle is daar, volgens De Vries, 'n verskil in die skopus van die kwantifiseerder tussen beperkende en bystellende relatiewe bysinne. So byvoorbeeld in (1) *all the lecturers that passed the test* (beperkend) teenoor (2) *all the lecturers, who passed the test* (bystellend). In (1) is die implikasie dat sommige dosente nie die toets geslaag het nie, wat nie die implikasie in 2) is nie. In (2) dek die skopus van die kwantifiseerder *all* net die hoof-N *lecturers*, terwyl dit in (1) die hoof-N en die relatiewe bysin *that passed the test* insluit.

³² Die onbepaalde relatiewe voornaamwoord *οἵτινες* (hulle wat) beklemtoon in hierdie teks 'n kenmerkende eienskap van vals profete. Vgl. bv. Danker (2000:729) en Wallace (1996:344) vir hierdie gebruik van *οἵτις*.

³³ Vir die generiese gebruik van die lidwoord, sien Blass en Debrunner (1979:202, 214), Danker (2000:687) en Wallace (1996:227).

³⁴ Die ESV, NASB en NRSV vertaal die relatiewe bysin in (24) met 'n relatiewe bysin, terwyl die AFR83 en NIV dit as 'n aparte sin vertaal, wat die bystellende interpretasie ondersteun.

³⁵ Hier word aangeneem dat KOMP-S 'n koördineringskonstruksie is, bestaande uit die twee konjunkte (KOMP-S¹ en KOMP-S²). Dieselfde geld ook in (26). Dit is egter onduidelik presies hoe die interne struktuur van dié konstruksie beskryf kan word. Vir 'n bespreking van sulke konstruksies, sien Zhang (2010).

³⁶ Sien voetnoot 15 oor die naamwoordstuk as deel van 'n bepaler.

³⁷ Vgl. Lehmann (1984:264) se voorbeeld van dieselfde verskynsel in Duits in (5a) hier bo.

³⁸ Die reeks *ἐν τῇ πόλει σὺν αὐτοῖς* (in die stad saam met hom) vorm nie deel van die relatiewe konstruksie nie.

³⁹ Die NLV en GNT vertaal die relatiewe konstruksie in (28a) as *in the name of Jesus, whom Paul preaches*. Vgl. ook Lehmann 1984:264 se Duitse voorbeeld in (6) hier bo, waar 'n lidwoord voor 'n eienaam voorkom en die relatiewe bysin beperkend is.

- ⁴⁰ Volgens Quirk e.a. (1985:1241) kan eiename in Engels ook saam met beperkende relatiewe bysinne groepeer as die eienaam tydelik die kenmerke van 'n soortnaam aanneem, soos bv. in *the Springfield that is in Illinois of the Johnson who wrote the dictionary*. In hierdie gevalle is die vooronderstelling dat daar meer as een Springfield en Johnson bestaan.
- ⁴¹ Sien (5b) in afdeling 2.1 hier bo.
- ⁴² In die Evangelie van Lukas en Handeling word *οἵτινες* as ekwivalent van *οἱ* (wat) gebruik (Blass en Debrunner 1967:152–3).
- ⁴³ Volgens Robertson 1919:954 is relatiewe bysinne by uitstek die middel waarmee periodiese strukture in die Nuwe Testament gebou word.
- ⁴⁴ Die reeks *ὁ Θεόφιλε* (Teofilus) is nie deel van die relatiewe konstruksie nie.
- ⁴⁵ Letterlik *begin het om te doen en te onderrig*.
- ⁴⁶ Vgl. Lehmann (1984:264, 198) se voorbeelde van opgestapelde beperkende en bystellende relatiewe bysinne in (11a en b) hier bo, respektiewelik.
- ⁴⁷ Die woord *ἔστιν* (is) vorm nie deel van die relatiewe konstruksie nie.
- ⁴⁸ Vergelyk die bespreking van Lehmann 1984:263–4 se beginsel in afdeling 2.2 hier bo, veral voorbeelde (11a) en (12a). In die Griekse Nuwe Testament word 'n partisipiale, beperkende relatiewe bysin soms ook deur 'n asindetiese, bystellende relatiewe bysin gevolg, soos bv. in Matt. 27:55–6: ⁵⁵ *Ἦσαν δὲ ἐκεῖ [γυναῖκες πολλαί [ἀπὸ μακρόθεν θεωροῦσαι], [αἵτινες ἠκολούθησαν τῷ Ἰησοῦ ἀπὸ τῆς Γαλιλαίας διακονοῦσαι αὐτῷ].* ⁵⁶ *[ἐν αἷς ἦν Μαρία ἡ Μαγδαληνὴ καὶ Μαρία ἡ τοῦ Ἰακώβου καὶ Ἰωσήφ μήτηρ καὶ ἡ μήτηρ τῶν υἱῶν Ζεβεδαίου]]* (daar was baie vroue wat van ver af toegekyk het, wat Jesus van Galilea af gevolg en Hom gedien het; onder hulle [lett. onder wie] was Maria Magdalena en Maria, die vrou van Jakobus en Josef, en die ma van die seuns van Sebedeus). In vers 55 volg die partisipiale relatiewe bysin *ἀπὸ μακρόθεν θεωροῦσαι* (wat van ver af toegekyk het) direk ná die antesedent *γυναῖκες πολλαί* (baie vroue). Dié relatiewe bysin word gevolg deur die asindetiese relatiewe bysin *αἵτινες ἠκολούθησαν τῷ Ἰησοῦ ἀπὸ τῆς Γαλιλαίας διακονοῦσαι αὐτῷ* (wat Jesus van Galilea af gevolg het en Hom gedien het), wat bystellend is.
- ⁴⁹ Sien die bespreking van universele kwantifiseerders in afdeling 2.1 hier bo en veral voorbeelde (19a–c).
- ⁵⁰ Dit ondersteun dus Lehmann 1984:197 se teorie in dié verband wat in afdeling 2.2 bespreek is. Sien ook sy voorbeeld van opgestapelde, bystellende relatiewe bysinne in (11b) hier bo (Lehmann 1984:198). Volgens Chomsky (1977:66) kan bystellende relatiewe bysinne nie opstapel nie. Hy beskou trouens die opstapeling van beperkende relatiewe bysinne en die nie-opstapeling van bystellende relatiewe bysinne as 'n universele kenmerk van taal, met sekere kwalifikasies. De Vries (2006:254) ondersteun egter Lehmann se siening en is van mening dat daar geen sintaktiese beperkings op die opstapeling van bystellende relatiewe bysinne is nie, hoewel dit min voorkom. Vgl. sy voorbeeld uit Nederlands (bl. 253): *Hij woont in Amsterdam, dat 750,000 inwoners heeft, waar bovendien vele toeristen komen* (hy woon in Amsterdam, wat 750 000 inwoners het, waar daar bowendien baie toeriste kom), wat duidelik die kenmerke van opstapeling vertoon.

⁵¹ Nog 'n moontlike voorbeeld van opgestapelde, bystellende relatiewe bysinne kom in 1 Kor. 4:17 voor: *Διὰ τοῦτο ἔπεμψα ὑμῖν [Τιμόθεον, [ὅς ἐστίν μου τέκνον ἀγαπητόν καί πιστόν ἐν κυρίῳ], [ὅς ὑμᾶς ἀναμνήσει τὰς ὁδοὺς μου τὰς ἐν Χριστῷ [Ἰησοῦ]], καθὼς πανταχοῦ ἐν πάσῃ ἐκκλησίᾳ διδάσκω* (daarom het ek Timoteus na julle toe gestuur, wat my geliefde en getroue kind in die Here is, wat julle sal herinner aan my lewenswyse in Christus [Jesus], soos ek oral in elke gemeente onderrig gee).

⁵² Sien Lehmann (1984:264) se voorbeeld wat in (12b) hier bo weergegee word.